**Getuienis van goddelike genesing**

My naam is Oom Attie Naudé, ek is 86 jaar oud. Deur die jare is daar in tye van ongesteldheid gebid om genesing.

Ek het gebid en die Hemelse Vader gevra wat ek moet doen om sy naam uit dankbaarheid te te loof vir wat Hy vir my gedoen het. Ek glo ek is deur die Heilige Gees gelei na Heb. 13:15: "Laat ons dan gedurig 'n offer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy naam bely". Ek het dit as 'n opdrag beskou om vir Hom te getuig. Ook Jak. 5:15: "En die gebed van geloof sal die kranke red en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word."

Ek was nog 'n kleuter toe kry ek dubbele longontsteking wat ook skade aan die hart veroorsaak het. Ek het 'n probleem ontwikkel met my bene, hulle het baie gepyn en dit was moeilik om te loop. Ek het skarlakenkoors gekry. Met al die siektes is daar vir my gebid en ek is genees.

Gedurende 2006 het ek op 70 jarige ouderdom 'n hartaanval gehad, 'n bloedklont is deur die hart en in die longe in. Die dokter wat die angiogram met my bespreek het, het gesê dat ek die Here moet dank aangesien dat net een uit vyf mense so 'n aanval oorleef.

In Julie 2014 is ek met prostaatkanker gediagnoseer, wat na my rugwerwels versprei het sowel as my bene en heupe. Dit was erg pynlik.

Gedurende Junie 2017 is daar vir my gebid tydens ons Silwerjeug biduur en is ek met olie gesalf. Die Here het my volkome genees. Die medici het 'n MRI aftasting gedoen om dit mee te bevestig, dit het geen tekens van kanker getoon. Die dokter wat die aftasting gedoen het, het gesê dat hy nog nooit so 'n volmaakte genesing gesien het nie — dit is 'n wonderwerk en net die Here kan so genees. Hy het die letsels gelos sodat gelowiges kon sien dat daar kanker was. Selfs in 2023 is daar nog geen teken weer daarvan.

Ek ly aan emfiseem en dit het sy tol geëis: my regterlong funksioneer met net vyf persent funksie en die ander een 50%. Ek gebruik kortisoon daarvoor, soos voorgeskryf.

Op 10 Januarie 2023 het ek tering gekry tydens 'n besoek aan die hospitaal waar my asemhaling en absorbering van suurstof ondersoek is as deel van die emfiseem se behandeling. Dit is geklassifiseer as synde weerstandig vir verskeie medikasie te wees ("MDR"). Dit is gelukkig in 'n vroeë stadium gediagnoseer en na twee maande se behandeling is dit opgeklaar. Gedurende die tyd is daar vir my gebid en die gebede is verhoor. Gewoonlik neem dit nege maande om op te klaar, in my geval was dit slegs twee maande.

Ek is dankbaar dat ek nog kan opstaan en loop, maar ek kan skaars drie woorde praat sonder om na asem te huig. Ek loof en dank die Here vir elke nuwe dag. Ek leef die lewe een dag op 'n slag en ek sal aanhou om vir hom te getuig tot die dag dat Hy my kom haal.

Ek glo en vertrou dat hierdie getuienis vir ander die krag van gebed sal bewys. Ek sluit af met die vers (Jer. 17:14): "Maak my gesond Here dan sal ek gesond wees, verlos my dan sal ek verlos word, want U is my lof".

Groete in die naam van die Hemelse Vader.

Adriaan J. Naudé (*Oom Attie*), lidmaat van die Pta. Oos gemeente van die Evangelies Gereformeerde Kerk.

0-0-0